# TOEWYDING

## TEMA: Wat Is Toewyding En Waarom Is Dit Belangrik?

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

**Skrifgedeelte van hierdie lesing:**

**Romeine 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.**

**Psalm 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.**

Ek seën julle in die Naam van onse Here Jesus Christus. Laat my asseblief toe om julle te bedien met die Woord van God. My gebed is dat jul dit sal ontvang, bestudeer en uitleef.

### 1) GRONDGEBIED

Dit is belangrik om te verstaan dat die Woord van God saad is. Indien julle dit nie op jul grondgebied gaan aanneem, dit laat groei en vrug laat dra nie, sal dit nooit die waarde in julle lewe oplewer wat dit veronderstel is om te lewer nie. Ek is die saaier, die saad is vir die saaier gegee. Die saaier saai die saad maar julle is die grond wat die saad moet ontvang, dit versorg, daaroor mediteer en bid, God se wil in jou lewe soek vir hierdie saad, en dan sal dit vrug voortbring.

Romeine 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.

Die onderwerp waaroor ek wil praat, handel oor toewyding en wat volg ná toewyding. Waarom moet ek en jy as kind van God, 'n **heilige, toegewyde offer aan die Here** wees? Dit is vir ons gegee, maar ons moet altyd onthou, as jy nie okkupeer nie, kan jy nie funksioneer nie. Dit maak nie saak watter plek vir jou gegee is nie, jy moet éérs okkupeer. Indien jy nie in daardie stoel gaan sit nie, het jy nie die outoriteit nie, want dan kan iemand anders in daardie stoel gaan sit. Die outoriteit is nie op jou nie, dit is op die stoel waarop jy gaan sit - die plek wat jy moet inneem.

### 2) OUTORITEIT

Kom ek stel dit so: kan 'n verkeerskonstabel in sy siviele drag jou langs die pad stop en dan die dinge doen wat hy moet? Die antwoord is nee, want in sy siviele drag hy het nie daardie outoriteit nie, alhoewel hy 'n geregistreerde verkeerskonstabel is. Die oomblik egter, wanneer hy sy uniform aantrek, met ander woorde, hy hom beklee met die outoriteit wat die regering vir hom gee, dan MOET jy hom gehoorsaam. Dan het hy

die outoriteit om jou te laat toesluit of te beboet. Dit gaan dus oor die plek van outoriteit waarin hy kan funksioneer.

- Dit geld vir my en jou ook. Onthou, as jy nie okkupeer nie, is daardie plek vakant en beskikbaar. Omrede ek en jy die lig van hierdie wêreld is, kan lig alleenlik duisternis verdryf sodra lig as lig funksioneer – sodra lig sy outoriteit as lig uitoefen. Maar as lig afwesig is, sal duisternis outomaties inkom.

**A.** Ek dink dit is die probleem in baie kinders van die Here se lewens. Ons verwag dat die Here vir ons alles moet doen. Ek luister hoe mense bid. Jesus Christus het opgestaan en gesê: *Aan MY is gegee alle mag in die hemel en op aarde.* Matthéüs 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.

- Hy het ook gesê *in My naam*. Dit beteken nou, jy moet eers 'n plek okkupeer **in** Hom. As jy nie daardie plek in Sy liggaam okkupeer nie, aan Sy sy, as Sy bruid, het jy geen outoriteit om Sy Naam te gebruik nie. Dit is wat met die 7 seuns van Skeva gebeur het.

**Handelinge 19:13** En sommige van die rondtrekkende Jode, duiwelbesweerders, het dit gewaag om die Naam van die Here Jesus te noem oor die wat bose geeste gehad het, en te sê: Ons besweer julle by die Jesus wat Paulus verkondig!

Handelinge 19:14 Dit was sekere sewe seuns van Skeva, 'n Joodse owerpriester, wat dit gedoen het.

Handelinge 19:15 Maar die bose gees het geantwoord en gesê: Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?

Handelinge 19:16 Toe spring die man in wie die bose gees was, op hulle en oormeester en oorweldig hulle, sodat hulle naak en gewond uit daardie huis gevlug het.

Hulle sê Jesus ken ons, van Paulus weet ons, maar wie is julle? Alhoewel hulle die Naam van Jesus gebruik het, het hulle nie die outoriteit gehad om dit te gebruik nie. Hulle het naak in die straat afgehardloop. So is daar baie kinders van die Here wat elke dag nog onnodig deur die duiwel gemors/verskeur word, en hulle verwag dan dat die Here alles moet doen.

**B.** Die Here het reeds alles vir ons gedoen. Ons moet dit regtig begin besef. God het ons alles gegee:

- Sy Seun, die Woord, die Heilige Gees, die engele om ons te help;
- Christus het vir ons die volmaakte prys betaal;
- Hy het ons weer herstel in 'n posisie wat ons verloor het - 'n regeer posisie,
- en die duiwel ontklee, magteloos en gesagloos gestel.

Al die bestanddele is op die tafel. Dit is nou vir my en vir jou om die koek te bak. As ek en jy nie die koek bak nie, sal die bestanddele daar staan en verrot. Dit sal later deur mot en roes verniel word. Ek en jy sal nou moet begin doen wat God wil hê ons moet doen, met dit wat die Here in ons hande geplaas het.

In daardie kwessie van 'in my Naam', hoe moet ek en jy okkupeer in die Naam van die Here? Dit is waarom die Bybel sê ons <u>sit</u> saam met Hom in hemelse plekke.
Efésiërs 2:6 en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus.

**C.** Toe Christus Jesus die outoriteit kom terug neem het, het Hy afgedaal in 3 onderwêrelde.

i. Die **Abyss** waar die demone is, en die <u>demone daar gaan los</u>.
ii. **Tartarus** toe en Sy <u>oorwinning gaan proklameer</u> aan die gevalle engele.
iii. **Paradys** toe, die paradys gaan <u>oopsluit met die sleutels wat Hy teruggevat</u> het van die sataniese magte en daardie mense het opgestaan.

-o0o-

Hy het wortel geskiet in die onderwêrelde in en Homself bevestig as die oorwinnaar oor dood en hel, en oor die bose magte as die God wat oor alles heers. Hy het daardie outoriteit gaan opneem, en nou sê Hy **'in my Naam'**.

**Johannes 14:12** Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.

Johannes 14:13 En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.
Johannes 14:14 As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.

### 3) TOEGANG TOT VADER

**Matthéüs 27:51** En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo tot onder, en die aarde het gebewe en die rotse het geskeur;
Matthéüs at 27:52 en die grafte het oopgegaan en baie liggame van die ontslape heiliges het opgestaan.

Die Bybel sê voordat Hy afgedaal het in die onderwêrelde in,
- het Hy eers deur die Allerheiligste gegaan.
- Die maagdevlies het geskeur, die skeiding wat daar tussen mens en God was, het geskeur en Christus kon inbeweeg as die eersgeborene van die opstanding.
- Hy het die moederskoot geopen.
  - Hy het na die hemel opgevaar en
  - die bloedoffer gaan aanbied,
  - teruggekom aarde toe en daardeur die geboortekanaal vir my en vir jou geopen.

Ek en jy kan nou direk na die Vader gaan omdat die Vader reeds met my en jou versoen het dáárdie dag toe Christus Sy bloedoffer aan die Vader gebring het.
Dit is waarom Christus vir hulle gesê het: Lukas 10:20 Maar julle moenie daaroor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is.

### 4) TOEWYDING

Die versoening is reeds daar, maar wat moet ek nou maak met hierdie versoening?
Wat is my plig nou?
Die geboortekanaal is klaar oopgemaak. Ek en jy moet nou daardeur gaan. Ons het nou die reg om dit te doen.

Hoe kan ek en jy dit doen? Dit is waar toewyding begin. Ek moet myself nou gaan toewy as 'n instrument in die hand van die Here, sodat God se Gees my kan gebruik as 'n heilige, onbesmette offer in hierdie dag, net soos Hy enige ander instrument in die Allerheiligste gebruik het vir 'n sekere funksie.

## a) Hoe Moet Ek Myself Toewy?

Ek moet myself op die altaar plaas sodat die Heilige Gees my sal deursoek en kyk of daar dalk saad of enigiets van die vyand op my grondgebied gesaai is waarvan ek bewus of onbewus is.

- Die Bybel sê die dief kom in die nag en saai saad op ons grondgebied waarvan ons nie weet nie.
- Ek moet sorg dat ek skoon is. Ek moet myself vanmôre in die Naam van die Here salf.

-o0o-

## b) Toewydings Gebed

*Vader ek kom nou na U toe in Jesus Naam en ek gee nou hierdie tempel in U hande, sodat U vanmôre kan kyk of daar enige saad, wetend of onwetend op my grondgebied gesaai is. Ek vra dat die Heilige Gees my nou sal vergewe en sal skoon was met die Bloed van Jesus Christus.*

- Nou is ek skoon, rein. Nou kan ek voor die Vader verskyn omdat ek rein, skoon en heilig is.

## c) Salf jouself (Olie)

1. Nou kan ek my **hoof** met olie salf.
    - Ek erken nou vanmôre dat dit wat ek vandag doen nie deur die vlees gedoen sal word nie maar deur die Gees, alles wat hierdie tempel in hierdie dag sal doen, sal deur die Gees van God gelei word.

2. Ek salf dan my **mond en tong** dat elke woord wat uit my mond sal gaan, geseënd sal wees, tot opbouing van die liggaam, tot uitbreiding van die koninkryk en tot God se verheerliking.
    - Indien daar dalk iets uit my mond glip, (want die Bybel sê vir ons die tong is die moeilikste lid van die liggaam om te beheer,) dat die vuur van God dit onmiddellik sal verbrand. Dat dit geen impak sal hê nie en dan spreek ek dood oor daardie saad, (want dit is altyd saad wat jy saai.)
    - Lewe en dood lê in die mag van die tong. Nou is my mond aan die Here toegewy as 'n instrument en alles wat my mond in hierdie dag sal spreek sal die Here se koninkryk opbou.

3. Salf jou **ore** sodat jy presies kan hoor wat die Gees van God aan die gemeente sê.
    - Dit is belangrik dat die salwing nou op jou ore kan wees sodat die Heilige Gees met jou kan spreek.

4. Salf jou **oë** sodat jy beter kan sien.
    - Openbaring 3:18…. en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. Sodat jy die openbaring van Sy heerlikheid kan kry, sodat Hy hom meer en meer in Sy persoonlikheid, Sy heerlikheid aan jou kan openbaar. Wie Hy is, wat Hy is en wat Hy wil hê jy van Hom moet weet.
    - Dit is binnekamer verborgenhede wat Hy dan aan jou sal begin openbaar.

5. Salf jou **sielsdimensie**, dit gaan nou nie meer om my wil, my denke en my emosies nie, maar nou gaan dit oor die dinge wat ek moet bedink wat daar bo is.
    - Dat God Sy wil, Sy raadsplanne vir my lewe, huwelik, my huis, my bloedlyn, familie, bediening en alle plekke wat God vir my daar gestel het, sal openbaar.
    - Dat die paaie wat ek moet loop nie vreemde paaie sal wees nie maar dat ek die wil van God vir my lewe sal ken.
        - En as ek die wil van God vir my lewe ken, kan die duiwel maar met allerhande dinge kom, ek sal weet dit is nie die wil van God vir my lewe nie. En die verskillende paaie sal ken: hoe jy jou gesin moet lei, hoe jy elke kind individueel moet lei, hoe jy jou huwelik moet hanteer, hoe jy jou werk moet hanteer, alles paaie wat jy moet loop en jy moet weet hoe jy daar moet funksioneer.

6. Salf jou **hande**
    - Psalm 127:1 'n Bedevaartslied. Van Salomo. As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter. Jy kan maar doen wat jy wil hier op die aarde, as die Here dit nie seën nie is daar geen seën daaroor nie.

-o0o-

- ♦ Vra die Here om die werk van jou hande te seën sodat jou hande die blare sal wees van die boom van die lewe, wat tot genesing is van die nasies en tot voeding van die volke.
  - Soms beland jy in situasies waar jy iemand moet salf en dan het jy nie olie byderhand nie, maar jou hande is toegewy aan die Here. Wanneer jy dan jou hande op daardie persoon lê, is dit gesalfde hande, die krag van die Heilige Gees wat deur jou hande gaan werk en dan die werk kan doen.
  - Dit kan selfs telefonies gebeur dat die Here vir jou sê om jou hande uit te steek, dan raak die Here die persoon aan die anderkant aan.
  - Dit gaan nie oor jou nie, maar oor Hom wat die huis bou, wat die stad bewaak, wat Sy krag deur jou wil laat werk, jy is net 'n instrument.
  - Maak ook elke dag jou hande oop sodat God jou daaglikse brood vir jou kan voorsien. Onthou in die anale van die hemele is elke dag reeds beplan. Ps 139. Daardie beplanning sluit ook elke bestanddeel in wat jy nodig het om van hierdie dag 'n sukses te maak.
  - Wees tevrede met wat jy vandag kry en funksioneer daarmee. Dit mag ook gebeur dat die Here vir jou sê jou laaste N$10 vir iemand te gee. Hy gaan jou toets. Jy moet saad saai om oeste in te kry.

7. Salf jou **voete** dat jy altyd in die weë van die Here sal wandel en daarvan nooit links of regs sal afwyk nie.
   - ♦ Dat die Heilige Gees jou sal lei en onderrig aangaande die pad wat jy moet gaan. Psalm 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.

**Dit is 'n profetiese aksie wat ons daagliks moet doen !!**

## 5) FUNKSIONEER

Noudat jy jou toegewy het, sit jy saam met Christus in hemelse plekke.
Maar wat maak ons daar?

- Jy lewe dáár, maar jy funksioneer op aarde.
- Nou moet ons iets hier op aarde doen met dit wat God vir ons gegee het.
- Ons het dinge uit God se hand ontvang waarmee ons hier op aarde moet funksioneer. Die duiwel kan egter nog steeds hier op aarde die dinge wat God vir my gegee het aanval, kom steel uit my hande en vernietig. Dit is hier waar ons dit moet begin seën en aan die Here toewy.
- Ons is nou self toegewy maar wat nou verder? *Volg die lesing: Geestelike Pad en Groei – Binnekamer Verhouding*

Mag die Here julle seën.

-o0o-